



1 Julie 2020

HOËRSKOOL WATERKLOOF **COVID-19** PROSEDURES

Geagte Klofie-ouer

Met die skool wat stelselmatig in graadverband heropen, is volhoubare veiligheidsmaatreëls en prosedures belangrik om te verseker dat u kind sy/haar skooljaar sonder verdere onderbrekings kan voltooi. Hoërskool Waterkloof onderneem om alle maatreëls wat volgens die Department van Onderwys verpligtend is, uit te voer.

Hoërskool Waterkloof beskou die veiligheid van die personeel en leerders van kardinale belang in hierdie tyd van COVID-19, dus is hierdie dokument daargestel om u in kennis te stel van hoe prosesse in plek geplaas gaan word om u kind se veiligheid te verseker.

Hoe versprei Covid-19?

1. Speeksel, wanneer jy hoes/nies sonder 'n masker.
2. Kontak met gekontameneerde oppervlaktes, soos tafels, deurhandvatsels, ensovoorts.
3. As die jong liefdes soen.
4. Eet sonder 'n masker en hard lag in mekaar se rigting, **VERAL** as hulle naby aan mekaar staan.

Neem asseblief weereens kennis van hoe om COVID-19-verspreiding te bekamp:

- **Indien u kind siek is, hou hom/haar asseblief tuis - laat weet dadelik die graadhoofde**
- Maak seker dat daar gereeld hande gewas word en vermy kontak met jou gesig asook ander mense
- Die dra van 'n gesigmasker is verpligtend en indien daar gehoos of genies word, doen dit in jou elmboog.

Dit is baie belangrik om met u kind se voogonderwyser of gradehoof te kommunikeer indien u kind siek is, veral in die geval waar u kind die skool bygewoon het. Dit gaan die skool help om moontlike verspreiding te bekamp.

Dit is ook belangrik dat u kind die nuwe maatreëls nakom en respekteer om sodoende ander en sy eie veiligheid te verseker.

Die inligtingstuk verduidelik die verskeie maniere hoe die skool u kind gedurende die skooldag gaan beskerm, naamlik: aantreepunte vir skanderingsproses, noodprosedures, skool- en klasbeveiliging en bewegingsproses, en pousebewegings. Maak seker dat u kind vertrouwd is met die prosesse. Die voogonderwyser sal ook alles aan die leerders verduidelik.

Aantreepunte en vloei van voertuie

Die skool se parkeerarea gaan afgesper word om die skanderingsproses so deeglik as moontlik te maak. Ouers moet van die geel pyl (soos in onderstaande diagram uiteengesit) gebruikmaak om hulle kinders af te laai. Die parkeerarea word daaglik as 'n op- en aflaaione gebruik om die verkeersvloei te beheer. Leerders is volgens hulle voogklasse tussen die drie verskillende ingangspunte ingedeel.



Leerders moet seker maak dat hul by die regte hek aantree vir die skanderingsproses.

Skanderingspunte volgens voogklas							
	Ingang 1	Ingang 2	Ingang 3	Ingang 4	Ingang 5	Ingang 6	Ingang 7
	Hoofhek - Voetgangers	Kapelingang	Sport-afdakke	Sport-afdakke	Voetgangershek	Koshuishek	Koshuis-trappe
Graad 12	1 en 2	3 en 4	5, 6 en 7	8 en 9	10 en 11		
Graad 11	1 en 2	3 en 4	5 en 6	7 en 8	9 en 10		
Graad 10	1 en 2	3 en 4	5 en 6	7 en 8	9 en 10	11	
Graad 9	1 en 2	3 en 4	5 en 6	7 en 8	9 en 10	11	
Graad 8	1 en 2	3 en 4	5 en 6	7 en 8	9 en 10	11 en 12	13 en 14

Neem asseblief kennis dat daar gaan geen parkering vir leerders beskikbaar gaan wees om hulle eie voertuie binne-in die parkeerarea te parkeer nie. Indien hulle met 'n voertuig skool toe kom, sal hulle ongelukkig aan die buitekant, oorkant die pad moet parkeer.

Sodra 'n leerder deur die skanderingsproses is, moet hy/sy die afstandreël respekteer.

Skanderingsproses

Op die eerste dag wat die leerders die skool bywoon, gaan hy/sy sy/haar masker ontvang wat die skool verskaf. Vanaf dag twee moet die leerder klaar mét die masker aan, aantree.

Die leerders mag vanaf **06:30** by die skanderingspunte aantree.

!!Neem kennis dat die leerder in Scadsys moet ingaan om die volgende vrae te beantwoord (dit kan by die huis ook gedoen word, moet net nie die webtuisteblydsy toemaak nie, want by die skanderingspunt gaan fase twee voltooi word). !!

Die intekenproses op Scadsys is aan die einde van dié dokument beskikbaar.

Steekproefvrae sal gevra word, naamlik:

- Was jy in kontak met iemand wat positief vir COVID-19 getoets is, of wat in self-isolasie geplaas was?
- Het jy 'n onlangse geskiedenis van koors of kouekoors?
- Het jy 'n seer keel of enige hoessimptome?
- Voel jy, of het jy onlangs kort van asem gevoel?
- Is jy naar?
- Het jy tans of onlangs enige braking- of diarreesimptome ervaar?
- Ervaar jy tans lyfseer of algemene swakheid?
- Is jy meer as normaal geïrriteerd of deurmekaar?
- Het jy die vermoë om te ruik en proe verloor?

Indien die leerder **JA** op enige een van die bogenoemde vrae antwoord, gaan dit aandui op die opsommingsblydsy en hy/sy gaan nie na die volgende stasie deurbeweeg nie.

Indien die leerder **NEE** antwoord op al die vrae, kan die leerder by die regte skanderingsingangshek met sy/haar masker aantree. Daar sal bane gemerk wees waarin die leerder moet staan en beweeg. Indien die leerder geen masker aanhet nie, sal hy/sy toegang geweier word en die proses sal nie kan voortgaan nie.

Temperatuur gaan geneem word.

Die aanvaarbare temperatuur is enige iets onder **37,8°**. Indien die leerder se temperatuur bo **37,8°** is, gaan die proses wat volg as 'n onsuksesvolle skanderingsproses aangedui word (sien verderaan in die dokument onder **Prosedure van Onsuksesvolle Skanderingsproses**).

'n Leerder mag die skoolterrein betree indien die leerder se temperatuur onder 37,8° is. Die volgende reëls moet nagekom word wanneer die leerder op die skoolterrein beweeg:

- Maskers **MOET** ten alle tye aangehou word.
- **GEEN KONTAK** mag met medeleerders gemaak word nie.
- Maak seker dat jy 'n **REDELIKE AFSTAND** behou (1,5 m is voorgestel)
- Die **SANITASIE VAN HANDE** gaan by die in- en uitloop van klaskamers verpligtend wees.
- Leerders word aangemoedig om hul **HANDE GEREELD SKOON TE MAAK**.

Daar gaan baie streng opgetree word teen leerders wat nie aan bogenoemde veriestes voldoen nie.

!!BAIE BELANGRIK!!

Ouers moet asseblief toesien dat hulle kind(ers) soggens die Scadsys-vraelys EERLIK beantwoord. Indien u kind(ers) koors, of 'n keelseer het, óf naar is, of enige simptome toon wat op die vraelys voorkom, moet u kind **ASSEBLIEF "JA"** by die betrokke vraag antwoord en by die huis gehou word! U kind(ers) mag alleenlik met 'n doktersbrief weer by die skool toegelaat word.

Die skool kan op die sisteem sien dat u kind(ers) **"JA"** op een van die vrae geantwoord het.

U kind(ers) moet asseblief **NIE** met die invul van die vraelys jok om sodoende **NIE** 'n toets te mis **NIE**.

Die HELE skool word blootgestel indien 'n leerder nie eerlik is nie.



COVID-19 Bepalings en Voorwaardes

Ek verstaan dat dit 'n daaglikse onderneming is om die vraelys te voltooi. Ek onderneem om al die vrae korrek en eerbaar te antwoord.

Ek aanvaar ook dat ek alle reëls en regulasies vanaf die owerhede wat ingestel is, om die verspreiding van die virus te beperk, sal nakom.

COVID-19 Screening Questions

Antwoord

1 Was jy in kontak met iemand wat positief getoets is vir Covid-19, of wat in self-isolasie geplaas was?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
2 Het jy 'n onlangse geskiedenis van koors of kouekoors?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
3 Het jy 'n seer keel of enige hoes simptome?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
4 Voel jy, of het jy onlangs kort van asem gevoel?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
5 Is jy naar?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
6 Het jy tans of onlangs enige braking of diarree simptome ervaar?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
7 Ervaar jy lyfseer of algemene swakheid tans?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
8 Is jy meer as normal geirriteerd of deurmekaar?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
9 Het jy die vermoë om te ruik en proe verloor?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No
A Wag jy tans vir Covid-19 toets uitslae?	<input type="radio"/> Yes	<input type="radio"/> No

 Submit



!!BAIE BELANGRIK!!

*

Indien u kind(ers) koors, of 'n keelseer het, óf naar is, of enige simptome toon wat op die vraelys voorkom, moet u kind **ASSEBLIEF "JA"** by die betrokke vraag antwoord.

COVID-19 Bepalings en Voorwaardes

Ek verstaan dat dit 'n daaglikse onderneming is om die vraelys te voltooi. Ek onderneem om al die vrae korrek en eerbaar te antwoord.

Ek aanvaar ook dat ek alle reëls en regulasies vanaf die owerhede wat ingestel is, om die verspreiding van die virus te beperk, sal nakom.

COVID-19 Screening Questions	Antwoord
1 Was jy in kontak met iemand wat positief getoets is vir Covid-19, of wat in self-isolasie geplaas was?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
2 Het jy 'n onlangse geskiedenis van COVID-19?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
3 Het jy 'n seer keel of enige hoë simptome?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
4 Voel jy enige onlangse kort van asem gevoel?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
5 Is jy naar?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
6 Het jy tans of onlangs enige braking of diarree simptome ervaar?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
7 Ervaar jy lyfseer of algemene swakheid tans?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
8 Is jy meer as normal geïrriteerd of deurmekaar?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
9 Het jy die vermoë om te ruik en proe verloor?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No
A Wag jy tans vir Covid-19 toets uitslae?	<input type="radio"/> Yes <input type="radio"/> No

*

Die skerm met die vraelys sal **ROOI** wees indien **JA** op enige vraag (vrae) geantwoord is. Daar sal ook 'n blokkie waarin daar **Quarantine** en 'n datum staan, wees.

Skandering Resultate: Datum 2020/06/23 Tyd 11:14 Verw# 10938

Jy het JA geantwoord op die volgende vrae:

- 3 Het jy 'n seer keel of enige hoë simptome?

Na aanleiding van jou vrae, mag jy NIE na die skanderings plek toe gaan vir die finale prosesse nie. Konsulteer asseblief jou dokter oor jou simptome.

Hoe kan ek terugkeer werk of skool toe?
Jy gaan 'n doktersbrief en COVID-19 toets resultaat moet ingehandig wat aandui dat jy nie positief vir die virus is nie.

*

Wees asseblief eerlik indien u of u kind(ers) in kontak was met iemand wat positief vir Covid-19 getoets is. U kind(ers) **MOET** vir 'n toets gaan en vir sewe dae by die huis bly. Ná die sewe dae moet u kind(ers) **WEER** vir 'n toets gaan. Indien die tweede toets ook negatief is, kan u kind(ers), met die negatiewe toets, skool toe kom en die toetsuitslag by die skanderingspunt wys.

*

Die skool kan op die sisteem sien dat u kind(ers) **"JA"** op een van die vrae geantwoord het. U hou dan u kind(ers) by die huis en neem u kind(ers) **DADELIK** dokter toe.

*

Indien die dokter tevrede is, kan u kind(ers) weer skool toe kom. 'n Doktersbrief moet saamgebring en by die skanderingspunt ingehandig word sodat u kind(ers) van die kwarantynlys afgehaal kan word.

*

U KIND(ERS) MOET ASSEBLIEF NIE MET DIE INVUL VAN DIE VRAELYS JOK NET OM 'N TOETS TE SKRYF NIE. Daar kan vir 'n Sieketoets gereël word indien u kind(ers) siek is sodat u kind(ers) nie gepenaliseer word nie.

Volg dié prosedures met 'n siek persoon in die huis:

- Help die siek persoon om die betrokke dokter se instruksies vir versorging en medisyne te volg.
- Hou die telefoonnommer van die dokter byderhand.
- Vir die meeste mense duur die simptome 'n paar dae en voel hulle na 'n week beter.
- Sorg dat die siek persoon baie vloeistowwe drink en rus.
- Oorweeg dit, indien moontlik, om die benodigde items deur 'n afleweringdiens te laat aflewer.
- Sorg vir die persoon se troeteldier(e) en beperk die kontak tussen die siek persoon en sy of haar troeteldier(e), indien moontlik.
- Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens:
- Skakel die dokter as die persoon al hoe sieker word.
- Vir mediese noodgevälle, skakel **Emer-g-med 0861-007-911** en sê dat die siek persoon COVID-19 het of moontlik kan hê.
- Mense wat noodwaarskuwingstekens vir COVID-19 ontwikkel, moet dadelik **Emer-g-med 0861-007-911** skakel.

Noodwaarskuwingstekens sluit in:

- Probleme met asemhaling: kort van asem of asemnood
- Aanhoudende pyn of druk in die bors
- Verwarring of onvermoë om wakker te word
- Blouerige lippe of gesig
- Kouekoors
- Seerkeel
- Verlies van smaak- en reukvermoë
- Hoofpyn en lyfseer

LET WEL: DIT IS NIE AL DIE NOODSIMPTOME OF TEKENS NIE.

Beskerm jousef as jy iemand wat siek is, versorg:

- COVID-19 versprei tussen mense wat in noue kontak kom (binne ongeveer twee meter) deur druppels wat ontstaan as iemand praat, hoës of nies.
- Die versorger moet, indien moontlik, nie iemand wees wat 'n hoë risiko vir 'n ernstige siekte soos COVID-19 is nie.
- Gebruik 'n afsonderlike slaapkamer en badkamer: Laat die siek persoon sy/haar eie "siekkamer" of omgewing, weg van ander mense, hê, indien moontlik. Laat die siek persoon, indien moontlik, ook 'n afsonderlike badkamer gebruik.
- Gedeelde ruimte:
As julle die ruimte móét deel, maak seker dat die kamer goeie lugvloei het. Maak die venster oop en skakel 'n waaier aan (indien moontlik) om lugsirkulasie te verhoog. Die verbetering van ventilasie help om asemhalingsdruppels uit die lug te verwyder.
- Vermoed besoekers:
Vermoed onnodige besoekers, veral besoeke van mense wat 'n groter risiko vir ernstige siektes is.
- Eet in aparte kamers of areas:
Die persoon wat siek is, moet, indien moontlik, in sy/haar kamer eet (of gevoed word).

- Was skottelgoed met handskoene en warm water:
Hanteer alle eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels) wat deur die siek persoon gebruik word, met handskoene. Was dit met seep en warm water, of in 'n skottelgoedwasser.
- Was jou hande deeglik nadat jy die handskoene uitgetrek of gebruikte voorwerpe hanteer het.

Moenie deel nie:

Moenie eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels), handdoeke, beddegoed of elektronika met die siek persoon deel nie.

Partytjies

Volgens die Staatskoerant, gepubliseer op 28 Mei 2020, mag daar glad nie sosiale byeenkomste plaasvind nie. Sosiale byeenkomste sluit partytjies in. **Daar mag GEEN partytjies plaasvind nie.**

Wanneer kan leerders terugkom skool toe?

Volgens voorlopige beskikbare gegewens is die gemiddelde tydperk van die begin tot die kliniese herstel vir ligte gevalle ongeveer **twee weke**, terwyl ernstige gevalle **drie tot ses weke** duur.

- Leerders moet vir veertien dae by die huis bly indien hulle simptome begin toon of positief getoets is.
- Ná veertien dae, of indien die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Die ouers moet die graadhoofde skakel en die negatiewe uitslag van COVID-19 aan hulle verskaf.
- Graadhoofde sal die die skanderingspersoneel daarvan in kennis stel, maar die leerder moet 'n brief van die graadhoof aan die skanderingspersoneel toon voordat hy/sy weer by die skool toegelaat word.

Skool- en klasprosedures

* **Gesigsmaskers:**

Die skoolbestuur en beheerliggaam het 'n statutêre verpligting om te verseker dat ons hele skool beveilig is en alle prosedures deurdag en verantwoordelik bestuur word. Die dra van maskers in die openbaar is vanaf 1 Mei 2020 verpligtend. Die probleem bestaan dat elke Jan Rap en sy maat nou maskers verkoop. Die Wêreldgesondheidsorganisasie het 'n sekere standaard gestel waaraan 'n masker moet voldoen om as veilig en effektief gekenmerk te word. Die skool sal ook moet kan bepaal dat maskers wat die leerders dra aan bogenoemde standarde voldoen.

Die skool het klaar 'n gestandaardiseerde masker aangekoop wat op die eerste dag by die skanderingspunte uitgedeel gaan word. Dié masker sal deel van die skool se amptelike skooldrag uitmaak.

Indien u kind sy masker verloor, sal hy een moet koop. Dit kan slegs by die aanlynwinkel op die skool se webtuiste, www.klofies.co.za, bestel word.

GESIGSMASKERS MOET TE ALLE TYE GEDRA WORD. LEERDERS MOET 'N MASKER OF FACIAL SHIELD IN DIE KLAS DRA!! WANNEER DIE LEERDERS KLASSE WISSEL MOET HY/SY 'N MASKER DRA, NIE 'N FACIAL SHIELD NIE.

* **Persoonlike sanitasie/higiëne:**

Daar sal van elke leerder verwag word om ook sy eie bottel handontsmettingsmiddel en *wet-wipes* saam te bring skool toe sodat hy/sy gereeld sy/haar eie higiëne kan bevorder.

* **Klaskamer:**

Die volgende word verwag:

- Daar gaan van leerders verwag word om hul hande te ontsmet wanneer hulle by die klas ingaan en ook wanneer hulle die klas verlaat.
- **Maskers moet permanent gedra word.**
- Leerders moet 'n aanvaarbare afstand in klasverband handhaaf.
- Leerders mag nie skryfbehoeftes of enige elektronika deel nie.


* **Kleedkamers:**

Kleedkamers gaan gereeld skoongemaak word. Leerders moet hulle hande na die gebruik van die kleedkamers deeglik was. Dit is belangrik om, indien 'n leerder in die kleedkamer siek word, 'n personeellid dadelik in kennis te stel. Leerders gaan nie die kleedkamer verder kan gebruik totdat die skoonmaakspan dit skoongemaak het nie.

* **Bestuur van pouses:**

Die pouses gaan afwisselend, per graadgroep, plaasvind. Die graadgroep gaan oor vier areas versprei word, nl. die *Dome*, die Boog, die Vierkant en die area voor die Boekwinkel.

Leerders MOET asseblief tydens pouses en voor skool, die sosiale-afstand van 1,5 m handhaaf.



Hoërisikoleerders word aan die volgende kriteria gekenmerk:

- Bestaande mediese toestande, soos byvoorbeeld diabetes
- Bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma
- Hoë bloeddruk
- Hartsiektes
- Kanker en ander immuniteitsverswakkende toestande

Dit is belangrik dat hoërisikoleerders NIE met ander leerders in kontak kom NIE. Indien u kind aan bogenoemde kriteria voldoen, kontak asseblief u kind se graadhoof sodat ons alternatiewe reëlings kan tref om u kind steeds van kwaliteitonderrig te voorsien.

COVID-19-kommunikasie by die skool:

Plakkate sal in die Klofieklets, in die klaskamers en in die gange van die skool aangebring word om ons skoolgemeenskap deurentyd daaraan te herinner. Plakkate sal onderwerpe hanteer soos:

- Hoe 'n mens jou hande deeglik was
- Oppervlaktes wat vermy moet word
- Fisiese kontak word belet
- Handhaaf 'n veilige sosiale afstand
- Was gereeld jou hande
- Goeie higiëniese praktyke
- Hoes en nies in jou elmboog

COVID-19-toetsentrums wat gebruik kan word:

AREA 6	GELEË	ADRES	KONTAK
1	Stanza Bopape 2 Clinic	25905 Hector Peterson Str, Ext 8	Sr. Moepi #: 0828360301
2	Holani Clinic	19600 Ledwaba & Tlou Str, Mamelodi East	Sr. Murwa #: 0828576557
3	Mamelodi West Clinic	6883 Section S, C/O Nchabeleng & Shabangu Str	Sr. Shabalala #: 0837230426
4	Mamelodi Regional Hospital	19472 Serapeng Str Mamelodi East	Dr. N. Soe #: 0825737113
AREA 7	GELEË	ADRES	KONTAK
1	Rethabiseng Clinic	Stand 310 Ext 1 Rethabiseng, Bronkhorstspuit	Sr. Tshabangu #: 0827377496
2	Bronkhorstspuit Clinic	C/O Mark & Botha Str Bronkhorstspuit	Sr. Strydom #: 0829587728
3	Ekgangala Clinic	1227 Section D, Ekgangala 1021	Sr. Khumalo #: 0767253480
4	Bronkhorstspuit Hospital	Church Str, Riamar Park, Bronkhorstspuit	Ms P. Nkumane #: 0824651329

LANCET TOETSPUNTE			
1	Pretoria Penciaardia	Penciaardia 1 Building, 1st Floor, 509 Pretorius Str, Arcadia, PTA	#: 0124830100
2	Pretoria Eugene Marais Dr	663 5th Ave, Les Marais, Pretoria, 0084	#: 0124040860
3	Pretoria Woodhill	Parkview Shopping Centre Garsfontein Dr	#: 0129980299
4	Centurion Saxby	58 Henri Rd, Eldoraigne, Centurion	#: 0123842151

DISCHEM TOETSPUNTE			
1	Dischem Menlyn	Menlyn Park, Atterbury Rd Shop G191 & G192	#: 0120030108
2	Dischem Olympus	Shop 116, 108 Haymeadow Cres, Faerie Glen, Pretoria	#: 0129910044
3	Dischem Wonderboom	Shop G13, Wonderboom Junction, Annlin, 16 Lavender Rd W	#: 0125438900

NETCARE TOETSPUNTE			
1	Pretoria CBD	Suite 12A, 1st Floor, Louis Pasteur Annex, Francis Baard Str, CBD	#: 0123206824
2	Pretoria Garsfontein	314 Trevor Gething Str, Garsfontein	#: 0123696100/1
3	Pretoria Hatfield	2nd Floor, Grosvenor Place, 235 Grosvenor Str, Hatfield	#: 0124302745
4	Pretoria Les Marais	Life Eugene Marais Hospital, 679 5th Ave, Les Marais	#: 0124048840
5	Pretoria Lyttleton	Health Medical Centre, 258b Jean Avenue, Lyttleton	#: 0126440301
6	Pretoria Muckleneuk	Zuid Afrikaans Stat Lab, 265 Bourke Str, Muckleneuk	#: 0124846500
7	Pretoria North	259 Burger Street Pretoria North	#: 0125460235


Scadsys-proses



Gaan na Scadco.co.za.
Teken in by jou profiel.
Gaan af en druk op COVID-19-blad.
Beantwoord dan die vrae eerlik.




NEE
geantwoord op al die vrae



JA
geantwoord op een van die vrae



Moet nie uit dié bladsy gaan nie. Wys hierdie vir die personeel by die hek en lees die temperatuur in wat hulle vir jou gee.



Indien jy JA geantwoord het, of jou temperatuur is té hoog, moet jy asseblief 'n dokter raadpleeg. Terugkeer na die skool kan eers gebeur indien jy 'n doktersbrief en toetsresultaat bring wat aandui dat jy NIE die virus het NIE.

As jou temperatuur binne die norm is, sal jy op die skoolterrein toegelaat word.

Baie dankie aan elke Klofie wat gaan help om 'n sukses te maak van hierdie tyd waarin ons nou verkeer.

Vriendelike groete

A handwritten signature in black ink, appearing to be 'C.H. DENYSSCHEN', written in a cursive style with a long horizontal stroke extending to the right.

C.H. DENYSSCHEN
SKOOLHOOF